basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESERING
ALGEMENE ONDERWYS SERTIFIKAAT (AOS)

2022 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)
VRAESTEL 2

Punte: 75

Tydsduur: 90 minute

Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye, uitgesluit die voorblad.

Instruksies aan die leerder

1. Lees die instruksies en vrae sorgvuldig deur.
2. Antwoord al die vrae.
3. Gebruik die antwoordboek om al jou antwoorde in te skryf.
4. Die gebruik van ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar word toegelaat.

Die vraestel begin op die volgende bladsy.

Moenie die bladsy omblaai todat jy aangesê word om so te maak nie.

AFDELING A

Debby behartig die administrasiedepartment en verseker dat alle data sorteer en geliaseer word.

1. Wat behels Debby se werk?

A Die hou van rekords
B Die hou van voldoende voorraad
C Die werwing van werknemers
D Die aankoop van hulpbronne (1)

Die aankope-department verseker dat aankope binne die begroting bly en hou ook akkurate rekords van aankope.

2. Watter ander rol vervul die aankopedepartment?

A Aanhou van voldoende voorraad
B Behartig liasering van inligting
C Betaal besigheidsrekeninge
D Ontwikkel personeelvaardighede (1)

Sassy kry terugvoering van haar klante, lei haar personeel op en moedig hul aan om goeie diens aan haar klante te lewer.

3. Hoekom is dit belangrik vir Sassy om goeie kliëntediens in haar besigheid aan te moedig?

A Om advertering te vermeerder.
B Om kliënte tevredenheid te verminder.
C Om produktiwiteit van die personeel te verminder.
D Om verkope te vermeerder. (1)

Die finansiëlefunksie help om te verseker dat die besigheid eties bedryf word.

4. Wat is die belangrikheid van hierdie funksie?

A Verseker dat klante gelukkig is
B Hou finansiële rekords
C Hou rekord van alle werknemers.
D Stuur finansiële verslae uit. (1)

5. Wat is die rol van die Menslike-hulpbron-departement?

A Staan personeelverlof toe
B Doen bestellings
C Behartig kontantvloei
D Adverteer die produkte (1)

6. Wat is die beste metode om identiese items te vervaardig?

A Bondelproduksie
B Taakproduksie
C Massaproduksie
D Net in tyd produksie (1)

7. Wat is die hoofrol van die Algemene Bestuur?

A Adverteer voorraad
B Betaal besigheidsbelasting
C Werf van personeel
D Beheer hulpbronne (1)

8. Waarvoor staan die P in die bemarkingsmengsel wat die waarde van ‘n item bepaal?

A Produk
B Prys
C Plek
D Promosie (1)

9. Wat is ‘n besigheidsplan?

A ‘n Plan van aksie wat ontwerp is om die algehele doelwitte van die onderneming te bereik.
B ‘n Gedetaileerde plan van aksie om die aktiwiteite van die onderneming uit te voer.
C ‘n Gedetaileerde plan van aksie wat die natuur en strategie van die onderneming verduidelik.
D ‘n Plan wat al die aspekte rakende die bestuur van die onderneming insluit. (1)

10. Watter van die volgende beskryf ‘n produk of ‘n diens?

A Die uniekheid en voordeel vir die verbruiker.
B Die uniekheid en kwaliteit van die verpakking.
C Die uniekheid en voordeel vir die mededinger.
D Die uniekheid en kwalitiet vir die besigheid. (1)

11. Wat is die vereistes van ‘n goeie besigheidslogo?

A Dit is eenvoudig, gedenkwaardig, tydloos, nuttig en toepaslik.
B Dit is ingewikkeld, gedenkwaardig, tydloos, nuttig en toepaslik.
C Dit is eenvoudig, gedenkwaardig, tydloos en beperk.
D Dit is ingewikkeld, gedenkwaardig, tydloos en nuttig. (1)

12. Wat is die hoofrol van ‘n bestuurder?

A Werf menslike hulpbronne vir die onderneming.
B Ontwikkel ‘n plan om die onderneming se doelwitte te bereik.
C Adverteer produkte en dienste van die onderneming.
D Aankoop van grondstowwe wat vir produksie benodig word. (1)

Die huur van kantoorspasie is R2 500 per maand. In Maart, vervaardig die besigheid 5 000 hemde en betaal R2 500 vir huur. In April is 7 000 hemde vervaardig.

13. Hoeveel sal die huuruitgawe vir April beloop?

A R7 000.
B R5 000
C R9 500
D R2 500 (1)

Mandy Vervaardigers gaan die volgende koste aan:

(i) Grondstowwe
(ii) Kommissie
(iii) Huur
(iv) Masjien-olie

14. Watter een is die regte kombinasie vir veranderlike koste?

A (i) (ii) (iii)
B (i) (ii) (iv)
C (ii) (iii) (iv)
D (i) (iii) (iv) (1)

ZZ Vervaardigers koop ‘n rol linte vir R50 en vervaardig uitnodigingkaartjies wat verkoop word vir R790 elk en maak ‘n wins van R440 daarop.

15. Hoeveel het ZZ Vervaardigers spandeer om die uitnodigingkaartjies te vervaardig?

A R350
B R740
C R790
D R490 (1)

Die bedrag dek al die koste, en sluit ook ‘n redelike wins op elke item wat verkoop word in.

16. Watter term identifiseer die bo-staande stelling?

A Kosprys
B Veranderlike koste
C Verkoopsprys
D Vaste koste (1)

17. Watter stelling beskryf liasering?

A Data wat verwerk word in nuttige inligting, sodat dit gebruik kan word om besluite te maak.
B Maak voldoende voorraad en dienste beskikbaar aan die besigheid.
C Bepaal die behoeftes en begeeertes van die klante en lewer produkte.
D Hou dokumente in ‘n veilige plek, om hulle maklik en vinnig te kan vind . (1)

18. Wat moet oorweeg word waneer ‘n geskikte verskaffer gekies word?

A Kwaliteit, ligging, koste en betroubaarheid
B Hoeveelheid, ligging, koste en betroubaarheid
C Kwaliteit, promosie, koste en betroubaarheid
D Hoeveelheid, promosie, koste en betroubaarhied (1)

‘n Manier om jou maatskappy aan potensiële klante bekend te stel.

19. Wat is die gepaste konsep vir die bo-staande stelling?

A Aankope
B Publisiteit
C Produksie
D Promosie (1)

20. Wat is ‘n bemarkingstrategie?

A ‘n Plan om klante te bereik en te oortuig om ‘n produk te koop.
B ‘n Plan wat ‘n volledige beskrywing gee van hoe die doelwitte bereik gaan word.
C ‘n Plan wat inligting oor die besigheidsprosesse bevat.
D ‘n Plan wat beskryf hoeveel mense jy be-oog om aan te stel. (1)

MARK DAG!!! MARK DAG!!!

KUHLE OUETEHUIS!!!

21. Watter besigheidstrategie word deur die prent voorgestel?

A Publisiteit

B Advertering

C Finansiering

D Produksie (1)

22. Hoe kan die kwaliteit en doeltreffendheid van ‘n produk verbeter word?

A Deur genoeg voorraad aan te koop.

B Deur om groot en dieselfde hoeveelhede elke keer te vervaardig.

C Deur personeel op te lei in die nuutste tegnologie.

D Deur vervaardigde produkte te adverteer. (1)

Die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van Mendy Klere Maatskappy, wie oor die ander bestuurders in die besigheid toesig hou, het nie goed gedoen met verkope nie.

23. Wat kan ‘n rede wees vir die daling in verkope?

A Swak beplanning en bestuur
B Personeel het oortyd gewerk
C HUB het ‘n gebrek aan rekenaarvaardighede
D Voldoende en effektiewe hulpbronne (1)

Die Algemene Bestuurder verskaf die struktuur vir beplanning, toewys van hulpbronne, take en verantwoordelikhede en magtiging.

24. Watter opsie regverdig die scenario hierbo?

A Beplanning
B Leiding
C Beheer
D Organiseer (1)

Kriel, die Menslike-hulpbronbestuurder van Kudu Maatskappy, ondersteun personeel tydens verandering en aanstellings in die maatskappy.

25. Wat is die gevolg van Kriel se aksie in die maatskappy?

A Personeel sal meer vriendelik wees teenoor klante.
B Personeel sal opgelei en ontwikkel word.
C Boodskappe sal aan pesoneel gestuur word.
D Die begroting sal opgetrek word. (1)

26. Watter van die volgende word as ‘n bedreiging beskou?

A Finansiële kwessies, markvraag droog op en die bestaande kompetisie
B Finansiële risiko, onwettige aanspreeklikheid en die bestaande kompetisie
C Finansiële risiko, aanlyn-bemarking, verkope en die bestaande kompetisie
D Finansiële kwessies, vermeerdering in materiaal en wettige aanspeklikheid (1)

27. Watter van die volgende opsies word as ‘n sterkpunt beskou?

A Sterk kliënthouding
B Vêr van kliënte geleë
C Goeie weerstoestande
D Uitstekende kliëntediens (1)

28. Watter van die volgende word as ‘n swakpunt beskou?

A Gebrek aan relevante vaardighede.
B Weerstoestande
C Geskoolde arbeiders
D Uitbreiding van die besigheid. (1)

Hierdie konsep verwys na gunstige, eksterne faktore wat die organisasie ‘n kompeterende voordeel kan gee.

29. Watter konsep word hierbo beskryf?

A Sterkpunt
B Geleenthede
C Bedreiging
D Swakpunt (1)

As gevolg van die prysverhoging van brandstof, kan Lungi bakkery nie meer brood en koek gratis by hul klante aflewer nie.

30. Wat is die beste oplossing vir hierdie bedreiging?

A Aanlyn-aankope
B Veelvuldige aflewerings
C Klante kolekteer self hul aankope.
D Hef afleweringsfooie van klante. (1)

‘n Boer plant kool. Hy teikenmark is skole, maar hy het nie ‘n afleweringsvoertuig nie. Twee skole het vir hom weeklikse kontrakte aangebied,maar hy kan nie in hul vraag voldoen nie.

31. Hoe moet hy die scenario hanteer?

A Koop meer grond en doen verkope van sy plaas af.
B Plant een hektaar en kry ‘n lening by die bank.
C Plant een hektaar en verminder die kontrakte.
D Koop meer grond en ‘n afleweringsvoertuig. (1)

32. Waarvoor staan die akroniem KVBA?

A Kommissie vir Vergadering Bemiddeling en Arbitrasie
B Kommissie vir Vereniging Bemiddeling en Arbitrasie
C Kommissie vir Vakbonde Bemiddeling en Arbitrasie
D Kommissie vir Versoening Bemiddeling en Arbitrasie (1)

33. Watter opsie beskryf arbeidsoptrede?

A Die wyse waarop die werksmag die bestuur dwing om lone te verhoog.
B Die aksie wat werknemers teen werkgewers neem.
C Die beweging van mense van een land na ‘n ander.
D Die besigheidspraktyk wat verhoed dat werknemers by ‘n unie kan aansluit. (1)

34. Watter soort verlof word geneem wanneer ‘n weknemer op vakansie wil gaan?

A Kraamverlof
B Gesinsaanspreeklikheids-verlof
C Gewone-jaarlikse-verlof
D Siekverlof (1)

35. Watter van die volgende is ‘n voordeel van kollektiewe bedinging?

A Dit onderhandel kontrakte sonder die unies.
B Dit verhoed dat werknemers aan ‘n staking deelneem.
C Dit gee aan geweldadige werknemers krag.
D Dit oortree die regte en werksomstandighede. (1)

36. Watter van die volgende verduidelik kollektiewe bedinging die beste?

A Die proses waar werknemers kontrakte met werkgewers beding sonder om unies te betrek.
B ‘n Forum wat werknemers seggenskap gee wanneer lone en werks-omstandighede beding word.
C Die proses waar werknemers deur hul unies kontrakte en werks-omstandighede beding.
D ‘n Forum wat nie die werknemers beskerm, wanneer hul regte geskend en hulle afgedank word nie. (1)

As ‘n uitkoms vir die fasiliteringsproses van die voortgesette staatsdiensloon-onderhandelings, het die regering ‘n verbeterde aandbod aan staatsamptenare se unie gemaak vir oorweging deur hul lede.

37. Watter werksomstandighede is deur die staatsamptenare se unies in die scenario beding?

A Billike lone vir alle staatsamptenare.
B Dienslone vir alle staatsamptenare.
C Hoë lone vir alle staatsamptenare.
D Dieselfde lone vir alle staatsamptenare. (1)

38. Watter opsie beskryf die werksplekforum die beste?

A ‘n Liggaam van werknemers wat kwessies rakende die werksplek met werknemers by die werksplek bespreek.
B ‘n Forum van werknemers wat werksomstandighede en betalings-toestande by die werksplek onderhandel.
C ‘n Platform waar, werknemers en werkgewers, werksomstandighede by die werksplek onderhandel.
D ‘n Komitee van werknemers wat op ‘n gereelde basis by die werksplek met die werkgewers, vir konsultasie ontmoet. (1)

Die werksplekforum word wettig gevorm wanneer die meerderheids-vakbond in die werkplek voldoen aan die minimum vereiste aantal lede en by die regsliggaam aansoek daarvoor gedoen het.

39. Watter van die prosesse hieronder is relevant tot die boonste senario?

A 120 werkers, doen aansoek by die KVBA en werkers verkies die komitee.
B 120 werkers, doen aansoek by die MMK en die werkers verkies die komitee
C 75 werkers, doen aansoek by die KVBA en werkers verkies die komitee.
D 75 werkers, doen aansoek by die MMK en werkers verkies die komitee. (1)

40. Watter opsie is voorbeelde van vakbonde?

A SADOU, NUM and SAMWU
B ANCJL, GVSA and SAKP
C NRV, KSAV and SACTU
D KSAV, NRV and NEOA (1)

41. Watter opsie beskryf die rol van die KVBA?

A Hul onderhandel met vakbonde oor die toename in lone vir werkers .
B Hul maak vooruitskattings van gebeure, gebaseer op die huidige toestande.
C Hul verteenwoordig werknemers tydens onderhandelings en besluitneming.
D Los konflik tusssen werkgewer en werknemers op. (1)

42. Watter opsie hieronder beskryf ‘n formele dissiplinêre prosedure?

A Om ‘n gedragskode vir werknemers te ontwikkel.
B Om as voorsitter tydens die direkteursvergadering op te tree.
C Om teen ‘n werknemer se wangedrag op te tree.
D Om te onderhandel vir ‘n volgende verhoor . (1)

43. Watter een van die volgende is die proses van ‘n dissiplinêre verhoor?

A Die werknemer word nie toegelaat om sy/haar kant van die saak te stel nie.
B Die werknemer ondersoek die saak deeglik en versamel bewyse.
C Die werkgewer bring aanklagte teen die werknemer in.
D Die werkgewer besluit tydens die verhoor watter aksie teen die werknemer geneem sal word. (1)

44. Watter opsie beskryf ‘n wettige arbeidsoptrede?

A Vakbonde en hul lede kan nie ‘n dispuut by die werksplek oplos nie.
B Vakbonde en hul lede is nie beskerm teen regsaksies nie.
C Vakbonde en hul lede hou ‘n onwettige staking .
D Vakbonde en hul lede hou ‘n wettige staking. (1)

45. Watter opsie verduidelik wat die impak van arbeidsoptrede op die produktiwiteit is?

A Dit lei tot ‘n vermeerdering in inkomste en indiensneming.
B Dit lei tot ‘n vermeerdering in produktiwiteit en wins.
C Dit veroorsaak ‘n vermindering in inkomste en ‘n vermindering in indiensneming.
D Dit veroorsaak ‘n vermindering in produktiwiteit en verminder die wins. (1)

46. Watter opsie is die definisie vir lewensstandaard?

A Die vlak van inkomste; produkte en dienste waartoe ‘n person toegang het.
B Die vermoë om in meeste van jou behoeftes te voorsien.
C Om hulpbronne produktief te kan gebruik.
D Die tekort aan hulpbronne om in jou behoeftes te voorsien. (1)

47. Watter opsie is ‘n beskrywing van basiese diensvoorwaardes?

A Kollektiewe bedinging, werkskure en onderhandelinge
B Werksure, verlofvoorwaardes en vergoeding
C Regstellende aksie, werksure en werwing
D Induksieprogram, werksure en besluitneming (1)

48. Watter opsie verduidelik die konsep “bevordering van indiensneming”?

A Dit behels werkskepping en vaardigheidsontwikkeling.
B Dit behels reëls en prosedure wat by die werksplek geld .
C Dit behels ‘n toename in salaris en voordele maar ook groter verantwoordelikheid.
D Dit behels motiveingstrategie, opleiding en minder verantwoordelikheid. (1)

49. Watter stelling beskryf billike arbeidspraktyke?

A Dit bevorder regverdige kompetisie.
B Dit pas diskriminasie toe.
C Dit verseker die regverdige behandeling van alle werkers.
D Dit buit werkers uit (1)

50. Hoe kan vakbonde volhoubare ontwikkeling bevorder?

A Deur ordentlike werks- en spesifieke aftreeplanne te bevorder.
B Deur mense se regte te bevorder en die lewenstandaarde te verlaag.
C Deur die handhawing van vryheid van assosiasie en lewensgehalte te verlaag.
D Deur beide lewenstandaarde en lewensgehalte te bevorder. (1)

51. Watter opsie is die definisie vir ekonomiese groei?

A Aktiwiteite wat die ekonomiese welstand en lewensgehalte wil verbeter
B Die vermeerdering van goedere en dienste wat deur ‘n individu, binne ‘n sekere tydperk, in ‘n land vervaardig word.
C ‘n Vermeerdering in die waarde van goedere en dienste wat deur ‘n besigheid, binne ‘n sekere tydperk, vervaardig word.
D Die vermeerdering in die hoeveelheid goedere en dienste wat in ‘n land, binne ‘n sekere tydperk, vervaardig word. (1)

52. Hoekom dra vakbonde by tot ontwikkeling van werkers se vaardighede?

A Om onwettige stakings by ‘n werksplek aan te moedig.
B Om produktiwiteit asook vooruitsigte vir bevordering te bewerkstellig.
C Geskoolde werkers verbeter lidmaatskap.
D Onskoolde werkers beteken minder produktiwiteit by die werksplek. (1)

53. Watter onderstaande opsie verwys na die bydra van vakbonde vir werkskepping?

A Om betrokke te raak by beleidsbespekings en ontwikkeling van werkskepping.

B Om ‘n belangrike rol te speel in die afname van kwaliteit van werkskepping en promosies.

C Om ‘n minimale rol te speel in beleidsbesprekings en ontwikkeling van werkskepping.

D Om arbeidsgeskille te bevorder en die kwaliteit van werkskepping en promosie te verlaag. (1)

54. Watter stelling beskryf die bydra wat vakbonde tot loonverhogings maak?

A Handhaaf en verbeter werkers se lone deur onderhandelinge met die werknemers.

B Handhaaf en verbeter werkers se lone deur onderhandelinge met werkgewers

C Handhaaf en verbeter werkers se lone deur onderhandelinge met die KVBA.

D Handhaaf en verbeter wekers se lone deur onderhandelinge met toesighouers. (1)

55. Watter onderstaande opsie beskryf die werksomgewing?

A Werkernemers verskaf onbeskermende klere, vergoeding vir beseerde werkers en MIV/VIGS beleid is in plek.

B Werkgewers verskaf onbeskermende klere, vergoeding vir beseerde werkers en MIV/VIGS beleid is in plek

C Werkernemers verskaf beskermende klere, vergoeding vir beseerde werkers en MIV/VIGS beleid is in plek.

D Werkgewers verskaf beskemende klere, vergoeding vir beseered werkers en MIV/VIGS beleid is in plek (1)

Daar word verwag dat werknemers by Beste Handelaars 40 ure per week sal werk. Op 12 September 2022 moes Zungu 11 ure werk omdat Thulu, sy aflos, laat was.

56. Hoeveel ure se oortyd het Zungu gewerk?

A 3 ure oortyd
B 11 ure oortyd
C 40 ure oortyd
D 8 ure oortyd (1)

Die Basiese diensvoorwaardes spesifiseer dat werkers 5 dae per week en 8 ure per dag moet werk. Party werkers werk meer as 5 ure per week uitgesluit middagete en teetyd.

57. Watter opsie verduidelik die hoeveelheid ure wat die werkers in 5 dae sal werk?

A Die werkers werk 40 ure per week.
B Die werkers werk 50 ure per week.
C Die werkers werk 10 ure per week.
D Die werkers werk 9 ure per week. (1)

Die bestuurder van Jojo Maatskappy Beperk het ‘n werker ontslaan omdat hy vir 5 dae afwesig was. Hy het reeds verskeie geskrewe waarskuwings oor afwesigheid onvang. Die werker het die saak by die unie aangemeld.

58. Watter onderstaande opsie sal die werker beskerm?

A Opvoeders Indiensneming Wet.
B Wet op Arbeidsverhoudinge.
C Wet op Basies Diensvoorwaardes.
D Wet op Gelyke Indiensneming (1)

59. Watter onderstaande scenario wys dat die werker aan die basiese werkskondisies voldoen?

A Onvoldoende opleiding ten opsigte van gesondheids- en veligheidsbeleide.
B Betaling vir oortyd, toestaan van verlof en voorgeskrewe werksure.
C Geen betaling van bonusse, studieverlof, kar- en huistoelaes.
D Opleiding oor hoe om ‘n bedingingsraad te vorm. (1)

60. Waarom is veiligheid belangrik in die werksplek?

A Dit verbeter werkers se volhoubaarheid en promosie.
B Dit verminder produktiwiteit en vermeerder afwesigheid.
C Dit verminder beseringskoste en afwesigheid.
D Dit verhoog beseringskoste en werkers se moraal (1)

[60]

AFDELING B

Die onderstaande inligting hou verband met die 3 vlakke van bestuur.

A. Neem deel aan die indiensneming en opleiding van laervlaksbestuur.
B. Stel die doewitte en beleide van die besigheid op.
C. Verantwoordelik vir die kwaliteit en kwantiteit van produksie.
D. Kontroleer en koördineer die aktiwiteite van al die departemente.
E. Delegeer verantwoordelikheid en take aan verskeie werknemers.
F. Verantwoordelik vir koördinering van die aktiwiteite binne die departemente.

61. Gebruik die inligting wat verskaf word, om die tabel in die antwoordboek te voltooi, sodat daar onderskei word tussen die 3 vlakke van bestuur.Skryf net die letter neer. (6)

Verandering bevoordeel die ervare verstand.

John is by ‘n TVET College opgelei as ‘n messelaar. Hy nie sonder praktiese ervaring aangestel word nie. Hy het nie opgegee maar aangehou om informele werk te doen, totdat hy sy maatskappy, J Konstruksie, begin het. Sy besigheid is aangestel om HOP-huise in afgeleë dele van KZN te bou. Die area het nie lopende water nie, hy moes dus van Jojo Tenks gebruik maak.

Die provinsie het in April 2022 erge vloede gehad. Infrastruktuur vir behuising, water en paaie het weggespoel. As ‘n gevolg, benodig die provinsie geskoolde kontrakteurs om die beskadigde infrastruktuur teen ‘n beraamde R17 biljoen te herbou.

62. Lees die uittreksel wat hierbo verskaf is en identifiseer twee sterkpunte van J Konstruksies. (2)

‘n Positiewe uitsig vir Gauteng se Toerisme.

Die Gautengse toerisme-sektor is stadig besig om te herstel na die stilstand wat deur Covid-19 veroorsaak is. Daar is ‘n toename in die aantal toeriste uit Europese lande soos Frankryk, Duitsland ens.

Meer as Covid-19, het wetenskaplikes ook nou ‘n nuwe siekte, bekend as Aap-pokke in Europa ontdek.

63. Identifiseer twee moontlike bedreigings uit die stuk hierbo. (2)

Susan bestuur ‘n skuifbare hamburger-stalletjie in die stad. Elke maand het die besigheid R1 800 se vaste koste en veranderlike koste van R20. Elke hamburger word vir R52.90 verkoop.

64. Hoeveel hamburgers moet Susan verkoop om gelyk te breek? (5)

[15]

Einde van toets